

Sweet

Sweet word drie keer in die Bybel genoem. Die eerste keer in die Tuin van Getsemane waar dit in verband met Adam en Eva se sondeval genoem word:

“In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde...”
(Gen.3:19).

In die konteks van **Gen.3:19** is sweet die produk van die sondeval en spreek dit van die vloek wat op die mens gekom het as gevolg van Adam en Eva se ongehoorsaamheid. Dit simboliseer harde werk en inspanning.

In die Nuwe Testament is daar ook ’n verwysing na sweet, hierdie keer ook in die konteks van ’n tuin, die Tuin van Getsemane. In Getsemane het die Seun van God sweet soos bloeddruppels gesweet as gevolg van sielswroeging omdat Hy geweet het dat Hy die straf en die vloek op die sonde van die mens op die kruis sou moes dra:

“En toe Hy in ’n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val” **(Luk 22:44).**

“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ’n vloek te word...”
(Gal. 3:13).

Die vloek op die sonde begin in die eerste tuin en die proses van versoening met God begin in die tweede tuin!

Daar is ’n derde verwysing na sweet in die Bybel, hierdie keer in die konteks van die Ou Testamentiese priesters wat in die heiligdom van die tempel diens moes doen:

*“En as hulle (die priesters) na die poorte van die binneste voorhof ingaan, moet hulle linneklere aantrek; maar wol mag op hulle nie kom as hulle dien in die poorte van die binneste voorhof en daar binnekant nie. Linne-hoofversiersels moet op hulle hoof wees en linnebroeke moet aan hulle heupe wees; **hulle mag hul nie gord met iets wat laat sweet nie** (Eseg.44:17-18).*

Om nie in diens van God te sweet nie, is ’n beeld van diens wat in die krag van die Heilige Gees gedoen word – om God met werke van die vlees en met godsdienstige inspanning te probeer beïndruk, is alles te vergeefs. Sweet praat van menslike inspanning en vertrou op eie verdienste.

Gelowiges is Nuwe Testamentiese priesters in diens van die Heer

“Maar julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” **(1Pet. 2:9).**

Ons saligheid en om God te behaag hang nie af van ons eie verdienstelike pogings en ons eie werke nie want:

“deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word” **(Heb. 10:14).**

By God tel eie verdienste niks; net wat in vertrou op die soenverdienste van Christus gebaseer word, beïndruk Hom en sal ewigheidsvrug dra.

Toe hulle vir Jesus vra wat hulle moet doen om die werke van God te volbring, het Hy hulle geantwoord:

“Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het” (Joh. 6:28-29)

Slotsom

In ons ywer om God te dien moet ons versigtig wees om biddend die Heilige Gees te vertrou om ons te lei om betrokke te wees by dié dinge wat God vir ons beplan het om te doen:

“Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel” (Ef.2:10).

“...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand.1:8).

Nick Maartens